Tjokkies Preprimêr
TEL: 051-522 3628
preprim@tjokkies.co.za

# Tjokkiebrief

23 Julie 2026
Kw. 3 NUUSBRIEF 1

## Baie Welkom!

Die Derde Kwartaal het voluit weggespring. Mag dit 'n heerlike en voorspoedige kwartaal vir al ons kleuters, ouers en personeel wees!

Die volgende paar weke is die heel belangrikste tyd vir ons "op-die-drumpel" Graad R maats. Om elkeen se potensiaal en skoolgereedheid tot die maksimum te bevorder, moet die skool en u as ouers saamwerk. Neem die verantwoordelikheid op om haakplekkies op u kind se verslaggie aan te spreek. Gee daagliks aandag aan **telwerk** en **beginklankies**. Help u kleuter ook met **selfdissipline**, **deursettingsvermoë** en **konsentrasie** en kom gesels asseblief met ons oor enige kommer rakende u kleutertjie se vordering.

U ontvang ook vandag die "Doelwitte vir Kwartaal 3 & 4", maak asseblief seker dat u kleuter dit bemeester.

* Ons beveel ook altyd hierdie tyd van die jaar aan om Graad R kleuters vóór hul toetrede tot Graad 1 te neem vir 'n sig- en gehoortoets.

## Roetine

**Probeer asseblief om so gou as moontlik weer in roetine te kom ter wille van u kleutertjie se sekuriteit. Skep ook tuis 'n vaste roetine.**

**'n Kleuter wat vroeg gaan slaap en die dag uitgerus begin, is 'n gelukkige kleuter.**



**Onthou die volgende resep vir 'n goeie dag:**

**Magie vol, blasie leeg, neusie skoon, ASEMPIE VARS!**

## Kalender

Om u op hoogte van ons program te hou, is die Kalender van die kwartaal vandag in die Briewesakke.

## Skoolgeld

Skoolgeld is betaalbaar voor of op die 7de van die betrokke maand. Baie dankie vir die getroue inbetaling van skoolgelde wat ondersteunend is tot die suksesvolle funksionering van ons skool.



## Parkeerterrein

Ons doen weereens 'n ernstige beroep op álmal om veilig en geduldig te bestuur en bedag te wees op kinders en ouers wat tussen voertuie beweeg.





## Kommunikasie

Wees asseblief bewus daarvan dat die personeel nie noodwendig selfoonboodskappe in skooltyd lees nie. Ons versoek ook dat alle boodskappe en reëlings asseblief met die klasjuffrou gekommunikeer word en nie met die klas se assistent nie.

Vir dringende reëlings, skakel vir Sanet by die kantoor en laat 'n boodskap. (051-522 3628)



## Klokkie



**Belangrik: Ons vra asseblief dat die klokkie by die hek nie <u>voor 15:10</u> in die middae gelui word vir kleuters wat vir buitemuurs inkom óf kleuters wat afgehaal word nie. Dit is slegs 'n organisatoriese reëling mbt ons middagjuffrouens se take.**

**<u>Gee asseblief die inligting deur aan die persoon wat 'n kleuter bring of kom afhaal.</u>**

Die Tjoklympics Sportdag vir Graad R-kleuters vind op Vrydagmiddag 31 Julie plaas.

U ontvang die program saam met die nuusbrief. Graad RR kleuters se dagprogram bly onveranderd vir daardie dag.




## Konsert aan die rol

Tjokkie-konserte is die beste en ons is reeds aan die beplan om weereens vanjaar 'n pragtige konsert te hou!
Die konsert vind in die week van 2 - 5 November plaas.

Jaarliks word daar 'n konsertfooi gehef, wat onder andere beteken dat u nie 'n kostuum sal moet koop of voorsien nie.


Die **konsertfooi is R250 per kleuter** en sluit die volgende in:

* Huur van kostuum
* 'n Kleuter geskenkie
* Dekor en grimering
* Lekkernye en koeldrank

Ons deel hierdie inligting vroegtydig sodat u daarvoor kan begroot of beplan.

**Hierdie fooi is via Karri betaalbaar vanaf 13 Augustus en sluit op 16 September.**

# Opgradering by skool



Te danke aan ons Gholfdag fondsinsameling kon ons aandag gee aan nodige opgraderings by die skool.

Die instandhouding en verf van die skool se dakke aan die Kleuterskool se kant is reeds afgehandel en lyk pragtig.



Die lapa se ou grasdak is afgebreek en met 'n staal afdak vervang om steeds 'n heerlike speelplek aan die kleuters te bied.





Nuwe speelgoed, onder andere moderne skopfietse, verbeeldingspel gereedskap, konstruksie-stelle, ensovoort is aangekoop.






Tjokkies wil graag "net ons beste" aan elke Tjokkie-kleuter bied.

## Nuwe RR-klas




Ons is baie dankbaar vir die groei wat voortdurend by Tjokkies plaasvind en ons genoodsaak het om op grond van die behoefte, 'n tweede Gr RR-klas op te rig. Toelatings vir 2027 is reeds gedoen en beide Gr RR-klassies is reeds vol. Indien u kennis dra van mense wat teleurgesteld is om nie 'n plekkie te kon kry nie, moedig hul asseblief aan om wéér by Tjokkies vir Gr R aansoek te doen, aangesien ons vier Gr R-klasse het en méér kleuters kan akkommodeer.



Poste met betrekking tot bogenoemde word ook nou geadverteer.

# Tjokkies
Preprimêre Skool

23/07/2026

## Aansoeke word ingewag vir die volgende poste:

- ✓ **CV met verwysings word benodig.**
- ✓ **Alle gesertifiseerde dokumente aangeheg moet nie ouer as ses maande wees nie.**

**1) Onderwyseres Graad RR**

- 'n Grondslagfase onderwys kwalifikasie is 'n aanbeveling.
- ID dokument
- Geldige rybewys
- Polisieklaring
- SACE Registrasie

**2) Oggend-assistent**

- Graad 12 Sertifikaat
- Bewyse as ingeskrewe onderwysstudent is 'n aanbeveling
- ID dokument
- Geldige rybewys
- Polisieklaring

**3) Middag-assistent**

- Graad 12 Sertifikaat
- Bewyse as ingeskrewe student is 'n aanbeveling
- ID dokument
- Geldige rybewys
- Ervaring met kleuters sal tot voordeel wees.
- Polisieklaring

Onderrigtaal is Afrikaans.

'n Markverwante Beheerliggaampos salaris is van toepassing.

Diensaanvaarding is 1 Januarie 2027

Sluitingsdatum vir aansoeke is Vrydag, 21 Augustus om 10:00.

Handig in by Tjokkies Preprimêre Skool of stuur e-pos na preprim@tjokkies.co.za
**Let wel**: Toon asseblief duidelik in die onderwerplyn vir watter van die bogenoemde poste aansoek gedoen word.

Indien u geen terugvoer binne twee weke na die sluitingsdatum ontvang het nie, beteken dat die aansoek ongelukkig nie suksesvol was nie.

H/v Paul Kruger en Rossstaat, Universitas, Bloemfontein

Tel: 051-522 3628



Tjokkies



# Tjoklympics Gr R Sportdag:

# Vrydag 31 Julie

Die Tjoklympics is 'n Tjokkie kleuter-sportdag om ons eie Gr R-kleuters bloot te stel aan sport en om hul basiese netbal-, hokkie- en rugbyvaardighede te ontwikkel.

Al die Gr R-kleuters neem deel en die hele familie is welkom om te kom kyk en ondersteun.

Hierdie is Gr R se dag en ander boeties en sussies mag ongelukkig nie deelneem of op die rugbyveld speel nie.


Moet asseblief nie hondjies saambring nie (dit het al gebeur).

***PLEK:*** ***Tjokkie Rugbyveld en Netbalbane by die paviljoen***

***DRAG:*** ***Rooi kaalvoethempie met Tjokkie sportbroekie/rompie en rooi Tjokkietop. Dogters tekkies, seuns kaalvoet.***
***Middagsorgkleuters trek die oggend reeds so aan skool toe.***

***Ouers kan gerus ook gemaklik aantrek vir die dag - daar gaan 'n resies vir die mamma's en pappa's ook wees.***

## PROGRAM:



| | |
|---|---|
| **12:30** | **Oggendkleuters word afgehaal.** |
| **13:00** | **Middagkleuters eet by skool.** |
| **13:30** | **Kleuters word deur juffrouens na rugbyveld geneem.** |
| **13:40** | **Ouers en oggendkleuters aankoms by rugbyveld.** |

**13:50** **Alle Gr R kleuters moet by die wegspringplek aanmeld**

**14:00** **Opening van Sportdag**

**Ouers en ander boeties/sussies op paviljoen**

**14:10** **Atletiek (Ouers en boeties/sussies bly op paviljoen asb)**



**14:25** **Sing van kreet - Tjokkie kleuters**

**14:30** **Ouer-resies (8 Vrywillige mamma's en pappa's)**

**14:35** **Ouers en kleuters beweeg na aktiwiteite.**

**LET WEL: Van hierdie tydstip af is personeel by die aktiwiteite betrokke en is ouers *verantwoordelik om hul kleuter volgens die program na die verskillende aktiwiteite te vergesel. Dit wil sê u kleuter is in u eie toesig vanaf 14:35.* Indien u nie self daar kan wees nie, probeer asseblief reël met 'n ander ouer, ouma, oupa of tannie om vir u in te staan.**

**14:40** **Gr R dogtertjies: Spanfoto's op netbalbane**




**14:45** **Netbal wedstryde**

**14:45** **Gr R seuntjies: Hokkie-hindernis**

**15:05** **Gr R seuntjies: Hempies aantrek en spanfoto's op die rugbyveld.**

**15:10** **Gr R dogtertjies: Hokkie-hindernis**

**15:15** **Rugby wedstryde (Kwart veld)**



**Na wedstryde word hempies uitgetrek**

**15:30** **Medalje oorhandiging in klasverband voor paviljoen**

**Kleuters tree aan by klaspodiums**

**Ouers gaan sit op paviljoen**



**15:45** **Verrigtinge afgehandel**

Let op dat bogenoemde tye 'n beraming is en mag verskil van die program.

*Middagsorgkleuters wat **<u>níe</u>** dadelik na afloop van die verrigtinge huis toe gaan nie, sal verdere middagsorg by die kleuterskool ontvang, maar moet asb vooraf met juffrou Lee-Ann van die middagsorg gereël word. (Selnr. 062 128 5228)

*Middagsorgkleuters se tasse kan by die kleuterskool afgehaal word.

***Die Snoepie, asook die Nessie oorkant die rugbyveld by @Tjokkies sal oop wees vir verversings.***



***Kom geniet die middag saam met ons!***

# *Dankie*

TrenzCo
WOOD & CHARCOAL
André : 0730305567 / 0730651773

Ons het verlede kwartaal afgesluit met 'n heerlike Tentedag en worsbraai. Baie dankie aan Mariska, Milané se mamma van TrenzCo wat vir ons die charcoal geskenk het. Weereens dankie ook aan die pappa's wat help braai het.

Sonel se mamma, Yolandé het die mooiste Tjokkie-kombers geskenk vir die assistente wat op koue wintersoggende bibber by die hek. Ons waardeer sulke vriendelike gebare baie want dis uniek aan die Tjokkie-familie!




Maandae trek ons kleuters steeds hul rooi kaalvoethempies aan en daarvoor bedank ons Marx Vervoer, TATE Transport en Case Bloemfontein, ons hempie-borge.

U ontvang ook vandag saam met die nuusbrief weer 'n borge-lys van vanjaar se gholfdag. Ons nooi u uit om hierdie borge te ondersteun en ons nooi ons borge ook byvoorbaat uit om in 2027 weer betrokke te raak by ons groot 30ste Tjokkies-Itec Gholfdag.



# Tjokkies-ITEC Gholfdag

2026

*Baie dankie aan al ons borge - ondersteun hulle gerus!*

## Borge

ITEC

Aquatech Pipe Systems

CORE BFN

Free State Paving

KIA BFN

MVW Geohydrologists

Sanitech

Stoney's Wheel & Tyre

Storage Concepts

Tate Transport

Tjokkies Ondersteuners Klub

Traxdor

VW BFN

## Halfway

RWK Electrical Pty Ltd

## Geskenkbewyse

Bainsvlei Road House Pub

Beati Medical Aesthetic Clinic

Beauty Full Image - Annari Badenhorst

Copper Clover

Ehrlich Slaghuis - Thomas

Engen Curielaan

Engen Quaggafontein

Hannes Houtman

House of Juice

Kandirri Game Lodge

Laminin Paints

Letsatsi Game Lodge

Nail It! Waxing & Nail Salon

Overland Clothing

Overland Outdoor Adventure

Posh Lab - Sharlien Ludick

Protea Hotel Bloemfontein

Protea Hotel Willowlake

RocaSolida - Ilana

Safari 4 x 4

Shadow Trailers

Spionkop Country Estate

SPUR Bloemfontein

The Rosendal Country Retreat

Tjokkie Ouers

Trailer Rent Zone

Tuinpark

Wiseman Group

Zanchieta Wildlife Lodge

# Pryse

Alpha Print

Bidfood

Blaauwklippen

Boet en Sus

Bothma Consulting

Braveheart Distillery

Bruwer Strydom - Kelloggs

Budget Shop

Build it @ Emily Hobhouse Square

Century 21 - Carla vd Westhuizen

Coles Auto

Coles Driving School

Daisy Business Solutions

Ehrlichpark Slaghuis

Engeti Security Systems

Family Den - Hennie Bergh

G6 Service

Giga Biltong

Goodburger

GVG Varminting

ITAU

JAC Leerwerke

JP Swart

Just Nails

Klein Begin

LHP DENTAL

Meyer Konstruksie

Michael & Maureen Laubscher

MTS Matus (Matweld)

Nuutbegin Aartappels

OFM

Oilflow Lubricants

Premium Homes - Niel Roberts

Pretorius Boerdery

Purely Science

Rehan Pretorius

River View Farm

Ruach Creations

Smitties Braais

Sonja de Klerk - Huize

Stefan Gouws

Taxlab

TheBuzz.media

Tile and Paint Bazaar - Dirk Nel

Tjokkie Ouers

Tsepe Game Services

UFS

Unitas Motors

Vodacom Chatz

Vodacom Mimosa Mall

Wiseman Group

ZK Intelligent Solutions



# Goodie bags

Aartappel SA

Aquelle

Bryte Versekeringsmaatskappy

Dr. Mareli Nieuwoudt

Ecomed Medical

Free State  Meat Wholesalers

Genade in Aksie

Lé-Anne & Elsabé

PG Glass

Pikkieland Dagsorg

Renew Irrigation

The Beverage Company

Tjokkie Ouers

# Donasies

Botha Roodt Markagente

Eben Senepol

Eunice High School

Ferreira Construction

Henco Keuris

Kaltire

Louis Kleynhans

Make-a-price

Martin Scheepers Markagente

Pine Auto Electrical

Premium Homes

Raubex

RSA Markagente

Tjokkie Ouers